UITGAWE 4

10 Januarie 2025

ORANIA SAKEKAMER NUUS

deur Micayla van Wyk

Welkom in die nuwe jaar!

Ons sien uit na nog 'n jaar van groei en sukses. Maak seker jy is deel van die Orania Sakekamer se planne vir 2025, waar ons voortbou op selfwerksaamheid en ons gemeenskap.

Kom ons maak van 2025 'n jaar waarin ons mekaar ondersteun, nuwe geleenthede skep en saam die pad vorentoe stap!

Waarom lidmaatskap by die Orania Sakekamer die regte keuse is?

As lid van die Orania Sakekamer het jy toegang tot 'n wye verskeidenheid voordele wat jou besigheid kan help om te groei en te ontwikkel. Hier is net 'n paar van die voordele wat jy kan verwag:

Inligting en voorligting
Lede kan by die Sakekamer aanklop vir inligting, voorligting of kontak met ander organisasies en instansies.

Volhoubare kommunikasie
Ons werk om volhoubare kommunikasie tussen belanghebbendes in die streek te verseker, wat ondersteuning aan ons lede bied.

Bemarkingsgeleenthede
Lede kan tydens vergaderings bemarkingsmateriaal aan medelede uitdeel om hul dienste en produkte te bemark.

Netwerkgeleenthede
Ons bied netwerkgeleenthede om besighede met mekaar te verbind, wat kan lei tot samewerking, kliënteverwysings en nuwe besigheidsgeleenthede.

Opleidings- en ontwikkelingsprogramme
Ons bied programme aan wat fokus op die spesifieke behoeftes van besighede, wat jou help om vaardighede en kennis te ontwikkel en te verbeter.

Verteenwoordiging
Ons funksioneer as 'n verteenwoordiger vir die besigheidsbedryf teenoor regeringsinstansies, wetgewers en ander belanghebbendes, en bied 'n platform om besighede se standpunte oor kwessies te kommunikeer.

Lidmaatskapsertifikate en kaartjies
Sakekamerlede ontvang lidmaatskapsertifikate en lidmaatskapkaarte as bewys van hul lidmaatskap.

Forum vir besprekings
'n Forum vir lede om gemeenskaplike sake en aangeleenthede te bespreek.

Aangename werksomgewing
Bevordering van 'n positiewe werksomgewing en sakegemeenskap.

Goeie verhoudings
Bou van goeie verhoudings met relevante rolspelers in die bedryf.

Bekostigbare ledegelede
Lidmaatskap is bekostigbaar en bied groot voordele vir jou besigheid.

Webbladbeskikbaarheid
Toegang tot die Sakekamer se besigheidswebblad, waarop besighede geadverteer word.

Lede-gids
Jou maatskappy sal in ons lede-gids op ons webblad gelys word.

Besigheidsamewerking
Ons moedig lede aan om met mekaar besigheid te doen en mekaar te ondersteun.

Opleiding- en inligtingsgeleenthede
Toegang tot sake-opleiding en inligtingsgeleenthede wat jou besigheid kan bevoordeel.

Is jy nog nie deel van die Orania Sakekamer nie?

Sluit vandag aan en maak jou besigheid deel van iets groter!

Kontak ons by admin@oraniasakekamer.co.za / 060 547 9585 of besoek ons kantoor vir meer inligting, of skandeer die QR - kode.

Kom studeer op kampus sonder mure!

-Betaalde advertensie

'n Terugblik op 2024:
Werkgewer en Werknemer van die Jaar

Die Werkgewer en Werknemer van die jaar-toekennings is ’n jaarlikse gebeurtenis waar die gemeenskap sekere werkgewers en werknemers nomineer om uiteindelik gekies te word as die werkgewer of werknemer van die jaar.

Die nominasieproses het op 14 November 2024 afgeskop en daar is heelwat nominasies ontvang. Op 28 November het die nominasies gesluit en op 2 Desember 2024 het die paneel, wat bestaan uit gemeenskapslede, die proses begin om te bepaal wie die wenners is, en wie tweede en derdeplekke sal inneem.

Die Werkgewer van die jaar toekenning het sy oorsprong in 2021. Die toekenningsgeleentheid was daardie jaar deel van die verrigtinge van die Werk en Welstand week wat aangebied is deur die Werk en Welstand kantoor, wat nou bekend staan as die Solidariteit Orania Netwerksentrum.

Om in aanmerking te kom vir hierdie toekenning moet die werkgewer iemand wees wat ’n positiewe verskil maak in sy of haar werknemers se lewens en iemand wees wat die welstand van hulle werknemers bevorder. So ’n persoon is hardwerkend, regverdig, ’n uitstekende leier, ’n goeie motiveerder en iemand wat goeie arbeidsverhoudinge bevorder.

Wat goeie arbeidsverhoudinge betref, het ’n werkgewer ’n verantwoordelikheid om arbeidswetgewing na te kom sowel as om werknemers te vergoed soos ooreengekom en natuurlik het ’n werknemer die verantwoordelikheid om sy dienste aan te bied en goed te werk. Indien ’n werkgewer van ’n werknemer verwag om sy dienste aan te bied op ’n spesifieke dag en tyd en die werknemer voldoen hieraan, moet die werkgewer ook sy verantwoordelikheid nakom om die werknemer daarvoor te vergoed.

Benewens die betaling van vergoeding moet ’n werkgewer ook nie onbillik optree teenoor werknemers nie en hulle ook nie viktimiseer of teen hulle diskrimineer nie.

Om ’n werknemer billik te behandel sluit ook onder meer in dat die korrekte prosesse en redes vir bv. die beëindiging van die diensverhouding gevolg word. Statutêre verpligtinge, soos bv. die aftrekking en oorbetaling van LBS en WVF moet ook nagekom word. Verder is beroepsgesondheid en veiligheid in die werkplek van kardinale belang.

2024 se Werkgewer van die Jaar is Magdaleen Kleynhans. Magdaleen het hierdie toekenning ingepalm, vanweë al die struikelblokke wat sy die afgelope jaar oorkom het. Sy het Senbel verander in Sendata en van krag tot krag gegaan. Alhoewel sy groot uitdagings beleef het, het sy haar werknemers steeds positief gehou en elkeen gehelp waar sy kon en alles moontlik gedoen om afleggings te voorkom. Sy handhaaf dus goeie arbeidspraktyke in die werkplek.

Magdaleen verseker ook dat haar personeel emosioneel en maatskaplik versorg word en bring hulle in verbinding met die regte persone vir ondersteuning.

Die Werknemer van die Jaar-toekenning het in 2023 gestalte gekry uit die waarneming dat nie net werkgewers en stadsbouers ’n dankie verdien nie, maar ook uitmuntende werknemers. Die werknemer van die jaar moet ’n persoon wees wat uit sy/haar pad sal gaan om ’n kollega by te staan, iemand wat pligsgetrou is en wat ’n voorbeeld is vir ander in die werksplek. Dit is iemand wat ’n spanspeler is en lojaal is en iemand wat bekwaam in sy/haar werk is.

Die Werknemer van die Jaar-toekenning het Francis Prinsloo te beurt geval vanweë haar uitsonderlike manier om klante te help. Sy stap werklik die ekstra myl vir elke klant wat aandoen by die Vodacom Chatz kiosk binne die Eureka Supermark, waar sy reeds sedert 2016 werk. Sy help oud en jonk en veral dié wat tegnologies nie so goed vertroud is met hulle selfoon- en databehoeftes nie. Sy besoek selfs na-ure die ouetehuis om daar geduldig te help met die bejaardes se selfoon probleme.

deur Sanri Stone
Solidariteit Netwerk Koördineerder

'n Nuwe gasvryheidservaring in Orania

Die Rebel Restaurant & Wynboetiek, wat einde November sy deure oopgemaak het, is vinnig besig om 'n nuwe-kuierplek in Orania te word. Hierdie unieke restaurant en wynboetiek is in die lewe gebring deur eienaar Elmarie van Dalen se liefde vir mense en geskiedenis asook haar agtergrond as wynhandelaar in die Wes-Kaap.

Die restaurant se naam is 'n huldeblyk aan Die 6 Rebelle: Jopie Fourie, Genl. de la Rey, Genl. de Wet, Nonnie de la Rey (vroulike spioen), Johanna Brandt (meesterspioen), en Emily Hobhouse, wie se medelye met vroue in konsentrasiekampe haar 'n held gemaak het. Hierdie figure simboliseer heldhaftigheid. Die eienaar se passie vir geskiedenis dien as inspirasie en skep 'n restaurant met 'n unieke atmosfeer.

Gaste kan uitsien na tradisionele plaaslike geregte met 'n moderne kinkel. Die spyskaart spog met unieke roosterkoek-kombinasies soos heelvye en Camembert-kaas, wat 'n verrassende smaakervaring bied. Vir laatmiddag-gaste is daar snoepborde en 'n keur van wyne wat perfek pas by die rustige atmosfeer.

Die restaurant se spesiale pizzas, bekend as “Wawiele”, is reeds 'n treffer onder besoekers en beloof om 'n gunsteling vir elke ete te wees.

Die Rebel Restaurant bied meer as net ete – dit is 'n ware ervaring. Die wynboetiek gaan weekliks wynproeë aanbied. Daar is ook planne vir gereelde kunstenaarsoptredes, fyntee-middae en Cap Classique-aande.

Die lieflike tuine, waar eende en ander diere rustig rondloop, dra by tot 'n ontspanne en gesinsvriendelike atmosfeer.

Die kombinasie van Europese kleure, Boere-erfenis en sagte, rustige musiek skep 'n unieke eetervaring. Dit is 'n plek waar geskiedenis en moderne gerief ontmoet.

Elmarie droom daarvan om Orania se ryk geskiedenis met besoekers te deel en toerisme na die dorp te bevorder. Sy hoop om 'n ruimte te skep waar inwoners en besoekers kan kuier, ontspan en die unieke gemeenskap van Orania kan ervaar.

Die Rebel is diere- en gesinsvriendelik, met spesiale aanbiedinge vir kinderpartytjies, troues, ooievaarstees en kombuistees.

Dit is die ideale plek vir gesinne om saam kwaliteittyd deur te bring.

Besigheidsure en spesiale aanbiedinge:

Oop vanaf 07:30 tot laat
Donderdagaande: Wynproe met spesifieke disse
Wegneem-etes: Ideaal vir besige dae
Vinnige koffie en beskuit: Geniet dit uit tradisionele emaljebekers en -borde.

Vir meer inligting of om 'n bespreking te maak, kontak Elmarie by 079 366 1000.

Besoek Die Rebel Restaurant & Wynboetiek en ontdek 'n unieke kombinasie van geskiedenis, geselligheid en geur!

Moenie die eerste Sake-Ontbyt van die jaar misloop nie!

Datum: Vrydag, 31 Januarie 2025
Tyd: 07:30
Plek: Die Rebel, Stokkiesdraai

Ons wil van jou hoor!

Wat wil jy graag in 2025 in ons nuusbriewe sien?
Deel jou idees of vrae met ons by admin@oraniasakekamer.co.za/ 060 547 9585.

Vraag van die Maand: "Wat is jou grootste besigheidsdoelwit vir 2025?"
(Antwoorde word moontlik in die volgende uitgawe gedeel!)

Adverteer in die Orania Sakekamer Nuusbrief:

Ons Orania Sakekamer Nuusbrief bied 'n unieke platform vir besighede om hulle produkte en dienste te bemark aan 'n groeiende gemeenskap van ondernemings en inwoners. Hierdie nuusbrief word wyd versprei en is die ideale plek om jou besigheid in die kollig te plaas en nuwe kliënte te bereik.

Waarom in ons nuusbrief adverteer?

- Direkte blootstelling aan 'n lojale en betrokke leserspubliek.
- Bevorder jou besigheid teen bekostigbare tariewe.
- Verhoog sigbaarheid binne die Orania-gemeenskap.
-

Laat jou advertensie uitstaan in ons volgende uitgawe!

060 547 9585 / admin@oraniasakekamer.co.za